



DIE **Stem** VAN DIE **Martelare**

Desember 2021

ETIOPIË: ‘N DUUR OES

**WEIER OM
TE HAAT**

**DANK GOD IN
DIE VLAMME**



www.persecutionsa.org

“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3

Ons Boodskap aan Diegene Wat Steel, Slag en Verwoes

Ons word deur twee magte agtervolg. Eerste, en die belangrikste word ons deur ons Skepper agtervolg wat aktief werk om ons te "soek en red" terwyl ons steeds Sy vyande is (Lukas 19:10, Romeine 5:10). Wat 'n wonderlike waarheid oor God se genade en liefde vir ons! Maar ons woord ook deur 'n teenstander agtervolg, een van God se gevalle skepsels, wat "soos 'n brullende leeu soek om iemand te verslind" met 'n agenda om "te steel en te slag en te verwoes" (1 Petrus 5:8, Johannes 10:10).

Ons moet 'n waaksame bewustheid handhaaf dat ons teenstander 'n werklikheid is en dat sy boosaardige agtervolging gewaarborg is. Ons faal ons jongmense asook soekers en nuwe Gelowiges indien ons hulle nie 'n duidelik Bybelse vermaning oor hierdie realiteit meedeel nie. Die Apostel Paulus se opdrag aan sy leerling Timótheüs is 'n goeie voorbeeld: "En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word" (2 Timótheüs 3:12). Paulus se leringe eggo Christus se selfde herhalende beloftes (Matthéüs 10:22, Johannes 15:20-21).

Die Nuwe Testamentiese Griekse woord, dioko, wat "vervolg" beteken, beteken om gejaag en agtervolg te word deur 'n teenstander wat skade wil veroorsaak. Dit gebeur met elkeen van ons op hierdie oomblik, ongeag waar ons woon. Terwyl die vyand listig te werk gaan om sy plan in plekke soos Suid-Afrika, die V.S. en Westelike Europa uit te voer, werk hy tegelykertyd deur hewige geweld in ander nasies. Tienduiseende van ons Christenbroers en susters in Afrika het alles in onlangse jare weens Islamitiese ekstremiste, verloor.

Hierdie maand se nuusbrief bevat 'n ontnugterende hoofstuk in die groter verhaal van hoe ons vyand Islamiete en ander gewelddadige radikale gebruik om Gelowiges in Etiopië, 'n historiese Christenmeerderheidsnasie, aan te val – fisies en geestelik. Die boodskap word duidelik in die Skrif uitgelê en word teen 'n groot koste deur ons vervolgte Christenfamilie rondom die wêreld, uitgedra:

Jy word bedrieg deur ons gesamentlike vyand. Ons ag jou nie as ons vyand nie, want ons ken die identiteit van ons ware vyand (Efesiërs 6:12).

Selfs wanneer ons moet vlug, is ons nie bang vir jou nie. Beide God en Satan agtervolg ons, maar God is oneindig magtiger. Danksy ons ewige hoop in Christus, is ons nie bang vir wat jy aan ons in hierdie wêreld kan doen nie (Matthéüs 10:28).

Ons ag dit as 'n eer om vir Christus te ly. Ons gaan juigend voort (Handelinge 5:41), gewillig om te ly en selfs te sterf, indien nodig, om Sy waarheid en liefde aan jou te bring.

Ashley

In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie; vervolgt, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie. Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word.

2 Korinthiërs 4:8-10



“Selfs al Maak hulle my Dood”

Jemal, wat as 'n toegewyde Moslem in Etiopië, 'n land wat dikwels as 'n Christen-minderheidsnasie beskou word, groot geword het, het volgelinge van Jesus Christus verag.

Hy het ywerig met Christene gedebatteer en dit wat hy as Bybelse dwalinge beskou het, selfvoldaan uitgewys. Hy het Christenstudente in 'n valstrik gelei met kontroversiële vrae oor die Skrif wat hulle oor hul geloof laat twyfel het en hy het die Koran as die bron van algehele waarheid uitgewys. Hy het in graad 8 selfs ander Moslemstudente geleer hoe om Christenbekeerlinge terug te wen vir Islam.

Toe Jemal egter in hoërskool was, het hy 'n voormalige Moslem, Yonas, ontmoet, wat regoor die gebied gereis het en die Evangelie met Islamitiese leiers gedeel het. Wanneer Yonas in die dorp was, sou Jemal met hom debatteer en hom vrae oor die Christelike geloof vra.

Oor 'n tydperk het Yonas se antwoorde vir Jemal begin sin maak. “Ek het by Yonas en ook van die Bybel van Christus geleer,” het hy gesê. “Ek het ook in die Koran gekyk. Toe ek hulle begin vergelyk, het ek die Koran verlaat en geleidelik lief geraak

vir die Bybel.”

Beproefde Geloof

Jemal het met plaaslike sjeiks en imams gedeel wat Jonas hom oor Jesus en die Skrif geleer het, met die hoop dat hulle Yonas se bewerings kon ontmasker. Tot sy verbasing het hulle egter geen antwoorde gehad nie. Hulle het hom vriendelik gewaarsku oor die gevare om met 'n Christen saam te kom wat hom in 'n “valstrik” wil lei.

Jemal het vir verskeie jare sy Bybel gelees en in die geheim samekomste met Yonas gehad. Toe hy 20 jaar oud was, het hy besluit dat dit tyd was om sy geloof in Christus te plaas. “Dit het baie jare geneem om te besluit,” het Jemal gesê. “Ek was bang om kerk toe te kom en oor Christus te praat, want as Islamiete dit sou hoor en weet dat ek tot die Christendom bekeer het, sou hulle my net daar doodskiet.”

Jemal se familie het uiteindelik die verandering in sy karakter begin opmerk. Toe sy pa egter van sy ontmoetings met Yonas uitvind, het hy die res van die familie bymekaar geroep om Jemal te konfronteer.

“Is jy 'n *pentit*?” het een van sy familieleden gevra en die veragtelike term vir 'n Bybelse Christen gebruik.

“Ek is,” het Jemal geantwoord.

Met hulle pa se toestemming het Jemal se broers en sommige ander mans van die dorp vir Jemal geslaan en gemartel in 'n poging om hom te oorreed om terug te keer na Islam. Maar Jemal se liefde vir Jesus, wat vir jare reeds gegroei het, het hom deur die vervolging gedra.

“Ek sal eerder sterf as om Jesus te verloën,” het hy vir sy broers gesê.

Deur Ekstremiste Agtervolg

Jemal se pa het besef sy seun gaan nie terugkeer na Islam nie en het die slanery gestaak. Hy het vir Jemal gesê dat hy hom wil doodmaak, maar nie daarvoor gearrester wil word nie. Dus het hy Jemal se broers beveel om al sy besittings bymekaar te maak en dit te verbrand. Toe het hy vir Jemal gesê dat hy hom nooit weer wil sien nie.

► Jemal het dit geniet om met Christene te debatteer en het selfs Moslems geleer hoe om Christenbekeerlinge te oorreed om terug te keer na Islam. Nou word hy agtervolg en geteiken weens sy geloof in Christus.



“As ek jou sien, sal ek jou lewendig verbrand,” het sy pa vir hom gesê.

Jemal het na 'n ander stad gevlug waar Yonas 'n kamertjie vir hom by sy kerk ingerig het. Yonas het hom as 'n broer verwelkom. “As ek iets het om te eet, kan jy dit kry,” het Yonas vir hom gesê. “As ek nie het nie, kan ons daarvoor bid.”

Jemal het uiteindelik vir 'n opleidingsprogram vir Christenbekeerlinge uit Islam ingeskryf en spoedig met voltydse bedieningswerk begin. Nadat hy sy opleiding voltooi het, is Jamal getroud en het teruggekeer na die stad waar hy voorheen gewoon het. Die vervolging was egter nie oor en verby nie.

Jemal se pa het in 2017 'n bende jong radikale Moslems gestuur om hom vas te keer en dood te maak. Alhoewel die bende nie vir Jemal en sy vrou kon opspoor nie, het hulle hul huis gevind ... en dit tot op die grond afgebrand.

Na die moedswillige brandstigting het 'n Christenorganisasie in Etiopië 'n versoekskrif ingedien om 'n nuwe huis vir Jemal te bou sodat hy onder hulle kan

▼ Hierdie Christene word as evangeliste opgelei in Etiopië.

woon en bedien en ook sodat sy pa hom nie kan kry nie.

Met die hulp van SVM het Jemal en sy vrou 'n nuwe huis gekry. “Loof God vir die ondersteuning wat julle vir my gegee het,” het hy gesê.

“Alhoewel hulle my gehaat het en my steeds probeer doodmaak, het iets in my binneste gesê: ‘Liefde.’”

Vertrou in Jesus

Jemal het gesê hy het gehoor dat sy pa en broers hom steeds probeer opspoor, maar hy het nie sedert die aanval met sy familie gepraat nie. “Hulle sal my nie 'n kans gee om saam met hulle te sit en hulle van Christus te vertel nie,” het Jemal, nou 27, gesê. “Maar hulle weet dat die Here my gehelp het en langs my gestaan het.”

Jemal het gesê die Here het hom gehelp om met ander oë na sy vyande te kyk; hy weier om hulle te haat. “Alhoewel hulle my gehaat het en my steeds probeer

doodmaak, het iets in my binneste gesê: ‘Liefde’. God het 'n ander beloning vir my. My deel is om hulle lief te hê en na hierdie mense uit te reik.”

Jemal het gesê dat 2 Korinthiërs 4:8-9 vir hom 'n bemoediging is, hy lees dit vir SVM-werkers uit sy Bybel. “In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; verleë, maar nie radeloos nie; vervolgd, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie.”

Hy gaan voort en haal vers 10 aan: “Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Jesus in ons liggaam openbaar kan word.”

Alhoewel Jemal sy familie, huis, grond en besittings verloor het, het hy gesê dat Jesus dit werd is. Hy het ook gesê hy hoop dat God sy nuwe lewe vir Sy eer kan gebruik.

“Die eerste ding wat ek gekry het is ewige lewe,” het Jemal gesê. “Selfs nou, as hulle wil kom om my dood te maak, om my te onthoof, sal ek myself gee om Christus ontwil. As Moslems – nadat hulle sien dat ek onthoof is om Christus ontwil – daardeur sal glo, sal dit die moeite werd wees om my lewe vir Christus te gee.”



Wanneer Terreur Tuis Kom

Faizah het haar man, Nagawo, regdeur hulle huwelik dopgehou waar hy getrou aan Christene in Etiopië bediening bied.

As uitreikkoördineerder van die plaaslike distrik van 'n groot denominasie, het Nagawo Gelowiges bemoedig om na hulle Moslembure uit te reik. Hy was ook koördineerder vir ondersteuning aan voormalige Moslems wat onder vervolging ly nadat hulle Islam verlaat het om Christus te volg.

Faizah en Nagawo was ook self eens op 'n tyd Moslems, maar vir die afgelope drie dekades werk hulle om Moslems met die Evangelie te bereik en help nuwe Gelowiges om te groei in geloof. Na al die jare van bediening aan vervolgte

Christene en die kerk in Etiopië het die paartjie teikens van vervolging geword. Nagawo het egter die uiterste prys betaal ter wille van die Evangelie.

Verloor Alles

Een nag terwyl Faizah saam met haar dogter en kleindogter by die huis was en vir Nagawo gewag het om terug te keer van sy bedieningswerk af, is in die nabyheid 'n aantal huise aan die brand gesteek.

Faizah het gesê dat die aanval so skielik en gewelddadig was dat dit "soos donderweer losgebars het." Voordat sy nog kon begryp wat besig was om te gebeur, het 16 huise in die vlamme neergestort en aanhou versprei na bure se huise.

Toe die bende Islamiëte haar huis nader, kon Faizah en haar familie nêrens heen hardloop nie. "Here, as my siel aan u behoort, red ons hier uit!" het Faizah uitgeroep.

Die mans het Faizah en haar familie buitentoe gesleep waar hulle gruwelik toegekyk het hoe die aanvallers petrol op hulle huis uitgooi en dit aan die brand steek. "Here, as hierdie vuur van U is, laat dit voortduur; niemand kan dit keer nie. Maar as hierdie vuur van die duivel is, blus dit uit."

Kort nadat sy gebid het, het skielike reën die vuur geblus. Alhoewel ongeveer die helfte van haar huis aanhou smeul en rook het, was Faizah dankbaar dat die vuur nie alles vernietig het nie. Namate die bende



erg frustreerd geraak het, het hulle egter voedsel en ander besitting van Faizah se huis gesteel en alles wat oorgebly het, vernietig.

Toe hoor Faizah 'n skrikaanjaende geskreeu van 'n feesvierende Islamiet: "Ons het die hoofpersoon dood gemaak! Die leier is dood!"

Terwyl die aanvallers van vreugde gesing het, het Faizah se hart gesink. Sy het die skare gevolg tot haar wreedste vrese bevestig is en sy Nagawo se onthoofde liggaam op die grond sien lê het. Die mans wat hom dood gemaak het, het rondom sy liggaam gedans terwyl Faizah in afgryse ween.

Faizah en haar dogter het na Nagawo gehardloop, sy kop opgetel en sy liggaam weggesleep van die aanvallers af. Met hulle huis wat gedeeltelik vernietig is en geen plek om Nagawo se liggaam heen te neem nie, het hulle dit toegedraai en daarlangs gesit en geweene, totdat hulp die volgende oggend opgedaag het.

Steeds Dankbaar

Faizah het later uitgevind dat die Islamiete haar man dood gemaak het omdat hy, 'n voormalige Moslem, baie ander gelei het om Islam te verlaat en hulle geloof in Christus te plaas.

Toe 'n SVM-werker vir haar vra hoe die verlies van haar man, huis en besittings haar geloof beïnvloed het, het sy met haar vinger na haar ondervraer gewys asof hy die antwoord moes ken. "Selfs terwyl die vlamme opgeskiet het, het ek God gedank," het sy gesê. "En selfs toe ek sien dat my man dood is, het ek my verhouding met Jesus behou. Vir die afgelope 30 jaar het ek Jesus innig gedien. Hy het my gehelp om deur hierdie moeilikhede te kom en ek glo dat Hy my nog verder sal help."

Faizah het gesê dat sy met behulp van

die Heilige Gees geleer het om diegene wat haar familie aangeval het en haar man wreedaardig vermoor het, te vergewe.

"Toe ek daardie persoon gesien het wat die mes gevat het en my man onthoof het, het ek, as 'n Christen, niks teen hom gedoen nie. Ek vergewe, maar ek vergeet nie," het sy gesê.

Faizah vra vir voortdurende gebed vir haar en haar familie. Sy word bemoedig deur die wete dat ander vir haar bid en dat sy eendag haar man weer sal ontmoet.

"Deurdat ek my geliefde man verloor het, is ons nou as menslike wesens geskei, en ek is hartseer daaroor," het sy gesê. "Maar hy is nou op 'n beter plek en ek is daardeur bemoedig. Ek is ook dankbaar dat God my en my dogter gespaar het."

Vind Herstel

Na Nagawo se dood het Faizah geen inkomste gehad om haarself en haar kinders, wat steeds van haar afhanklik was, te onderhou nie. Sy het vir meer as 'n jaar saam met haar dogter en kleindogter onder 'n plastiekseil op die kerk se grond gewoon.

"Ek was genoodsaak om te bedel vir kos," het Faizah hartseer gesê. Sy is uiteindelik met SVM in verbinding gebring wat gehelp het om haar huis te herbou en voortdurend ander vorme van ondersteuning voorsien. "Die Here het

ons deur daardie pynlike en moeilike tyd gedra totdat Hy SVM en die kerk gebruik het om ons te help," het sy gesê.

Faizah is dankbaar vir die wyses waarop God haar en haar familie geseën het en sy wil voortdurend na Moslems uitreik met die Evangelie. "Selfs al het ek my man verloor, kyk ek na die Moslems se lewens en hoe hulle leef en dan weet ek dat ek die regte lewe leef. Ek wil hê hulle moet Christus ontmoet."

Faizah het gesê dat God se Woord en haar pastors altyd daar was om haar te bemoedig na haar man se dood. Sy het Deuteronomium 31:8 aangehaal as 'n baie belangrike Skrifgedeelte vir haar: "En dit is die Here wat voor jou uit trek; Hy sal met jou wees; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie; jy mag nie bevrees of verskrik wees nie."

Sy verstaan dat sy een van baie Christenweduwees is wat hulle mans weens vervolging verloor het en sy bemoedig ander weduwees om hulle oë op Jesus te hou. "God het my vertroos toe ek my man verloor het; God het my geseën," het sy gesê. "So, vertrou asseblief in Hom en word in Christus bemoedig."

Namate sy genesing en herstel deur haar sterk geloof herwin, het Faizah gesê dat sy die werk wat sy en haar man drie dekades gelede begin het, sal voortsit – om die Evangelie aan haar Moslembure te verkondig.



► Islamiete het hierdie Christenvrou se huis afgebrand omdat sy geweier het om Christus te versaak en na Islam terug te keer. SVM het gehelp om haar huis te herbou.

LAOS: Drie Families Trotseer Tronkstraf omdat hulle Jesus Volg

Drie families in die dorp Giew Muang het Christus in Mei hierdie jaar aangeneem. Die drie families, wat verwant is, het Christus aangeneem nadat een familielid 'n wonderbaarlike genesing ondergaan het nadat 'n pastor vir hom gebid het. Aangesien 40 van die dorp se 120 families alreeds Christene was, het dorpspolisie vir die hoof van die dorp oor die nuwe bekeerlinge vertel en gevrees dat die hele dorp Christene sal word. "Hulle moet toestemming van die Binnelandse kantoor kry voordat hulle hierdie Jesus-geloof kan aanvaar," het die polisie aangedring.

Sommige in Laos, veral regeringsowerhede, beskou Christenskap as 'n vreemde geloof en 'n metode wat gebruik word om die Kommunistiese Laasiaanse regeringstelsel te ondermyn. Die sentrale regering beperk dus sommige Christenaktiwiteite en Christene word deurgaans deur familieledede of dorpsowerhede soos diegene in Giew Muang, vervolg.

Owerhede het die mans van elkeen van die drie families aangehou en ondervra en hulle gewaarsku dat indien hulle aanhou om die vreemde geloof te volg, hulle amptelike dokumentasie van 'n regeringskantoor moet bekom of tronk toe moet gaan. "Hulle het die drie families gedreig om hierdie geloof te versaak omdat hulle geglo het dit is teen die wet van die land, alhoewel dit nie is nie," het 'n Frontlinie-werker gesê.

Die Christenfamilies se sake is nou by provinsiale owerhede terwyl hulle vir hul amptelike dokumentasie wag. Die distrikpolisie het intussen druk uitgeoefen op 'n plaaslike Frontlinie-Werker om die drie families aan te raai om hulle Christelike geloof te versaak. "Nuus versprei en die amptenare hou nie daarvan nie," het die Frontlinie-Werker gesê. "Bid asseblief vir hierdie situasie."



Laasiaanse owerhede laat slegs Christelike aanbidding toe binne die regeringsbeheerde *Loas Evangelical Church* wat die ongereguleerde aanbidding as 'n bedreiging vir die Kommunistiese regeringstelsels beskou.

NOORD-OOSTELIKE NIGERIË: "Nêrens Is Meer Veilig"

Voortdurende aanvalle deur Fulani Islamitiese militante het tot die dood en ontvoerings van duisende Christene in noordelike Nigerië sedert die begin van die jaar, gelei. Dit is nêrens meer veilig in Noordoostelike Nigerië nie," het 'n Frontlinie-Werker gesê. "Mense word deur militante Fulani Moslemmans dood gemaak. Hulle is nie eers veilig in hulle eie huise nie."

'n Aanval op *Haske Baptist Church* in Kaduna-staat is slegs een voorbeeld van die geweld wat ons Nigeriese broers en susters in Christus onder die hande van Moslemekstremiste trotseer. Vroeër die jaar het Fulani Islamitiese militante die kerk aangeval en een Christen is dood, 'n ander beseer en vele ander ontvoer. Hulle het die kerk omsingel en begin skiet," het 'n oorlewende gesê. Hulle het lukraak op ons en op enigiemand wat hulle kon sien, geskiet."



Sedert die begin van die jaar is duisende Nigeriese Christene ontwortel, ontvoer en selfs doodgemaak in Islamitiese aanvalle op huise en kerke regoor die land.

Ongeveer alle Christene in noordoostelike Nigerië het geliefdes in aanvalle deur terroristegroepe of Fulani Islamitiese militante, verloor. Hele gemeentes is ontwortel en duisende Christene bly in kampe wat vir intern ontwortelde mense aangewys is. Christene sukkel om kos in sommige plekke te vind omdat die Islamitiese burgermag beheer oor baie dorpe en landerye oorgeneem het.

Bo en behalwe die Islamitiese aanvalle, trotseer Christene teenkanting van regeringsowerhede eerder as die hulp wat hulle benodig. "Die polisie en weermag, wat veronderstel is om lewens en eiendom te beskerm, verdwyn of weier om Christene in hul nood te help," het die Frontlinie-Werker gesê. Hulle is gou om Christene te arresteer wat dit op hulleself neem om hulle mense te verdedig."

Wanneer Christene uitreik vir regeringshulp, gaan jare verby sonder enige antwoord. Enige hulp wat deur regeringsentiteite voorsien word, bereik skaars Christene. "Daar is baie min gevalle waar Christene regtig die hulp wat hulle benodig, kry," het 'n Frontlinie-Werker vir die streek gesê. "Soms sit die regering Sondagoggend uit as die enigste tyd vir Christene om hulle hulplengings te ontvang. Hulle maak die proses regtig moeilik."



Frontlinie-Werkers in Iran bevind dat baie Iraniërs ontvanklik is vir die Evangelie na dekades van Islamitiese beheer.

IRAN: Saai Evangeliesaad Deur Straatbediening

Ekonomiese toestande in Iran het tot uiters hoë inflasie en 'n toename in werkloosheid, gelei. Christene daar gebruik egter hulle moeilikhede as 'n geleentheid om die Evangelie te deel met diegene wat sukkel.

Met geen ondersteuning van die regering of hulp van hulle gemeenskappe, bly baie mense op die strate en Frontlinie-Werkers het gesien hoe kinders in vuilgoedblikke grawe vir kos om te oorleef. Weens die groot nood het Christene begin uitreik na kinders op die strate. "Die Here het dit op die harte van die pastors en werkers van een van die huiskerknetwerke gelê om te soek en in sommige van die fisiese behoeftes te voorsien en op hierdie wyse die liefde van Christus aan diegene in nood te openbaar," het 'n Frontlinie-Werker gesê.

Deur voorgenome en sorgvuldige pogings, voorsien hierdie werkers in die direkte nood van hawelose kinders en verskaf komberse en warm etes en deel terselfdertyd die waarheid van die Evangelie met hulle. Namate die kinders 'n geestelike honger toon om meer te weet, gee die Frontlinie-Werkers vir hulle Bybels sodat hulle 'n dieper begrip van Christus se liefde vir hulle, kan kry. "Hulle werksmetode is om die waarheid van die Evangelie baie duidelik te stel," het die Frontlinie-Werker gesê. "Hulle is baie versigtig om nie 'n wanindruk te skep dat die voedsel wat hulle voorsien, hulle Christene gaan maak nie. Hulle wil ruim geleentheid skep vir die kinders om self nuuskierig te wees en 'n belangstelling te

toon sodat dit heeltemal hulle eie besluit is om in Christus te glo."

Om werksaam te wees onder die verdrukkende Iranse regeringstelsel, wat die verlatting van Islam kriminaliseer en Christene dikwels onder valse aanklagtes van "optrede teen nasionale sekuriteit" in die tronk opsluit, moet Christenwerkers hulle bedieningsaktiwiteite in die geheim doen om ontdekking te vermy. "Eerstens sê hulle nie dat hulle Christene is nie," het die Frontlinie-Werker verduidelik, "maar hulle sê wel dat die Here hulle gestuur het om op daardie oomblik voedsel te voorsien. Na drie of vier besoeke sal die mense beseft dat die voedsel aan hulle deur Christene voorsien is. Die evangeliste gebruik dan hierdie geleentheid om oor Christus te praat. Dit word alles natuurlik in die geheim gedoen sodat ander nie kan hoor nie."

Honderde etes en komberse is oor die verloop van 'n paar maande versprei en verskeie kinders het 'n begeerte getoon om meer oor Christus te leer. Baie ander het ook gunstig op die bedieningspogings gereageer namate hulle die goedheid van Christene, in kontras met hulle Moslemgemeenskap, ervaar het. "Dit word nou versprei dat hierdie Christene goeie mense is," het die Frontlinie-Werker gesê. "Hulle sê: 'Die Christene dink nie net aan ons fisiese behoeftes nie, maar as mense, ons is belangrik en hulle respekteer ons met nederigheid en liefde.'"

Gebedsdagboek Desember 2021/Januarie 2022

DESEMBER 2021

- S 19 KATAR** Bid dat mense nie deur kultuur en tradisie verhinder sal word om tot Christus te bekeer nie.
- M 20 VIËTNAM Bid vir etniese minderheid Gelowiges wat voortdurend vervolging van plaaslike owerhede trotseer.
- D 21 BANGLADESJ Bid vir Christene wat voortdurend onder die 1.3 miljoen Rohingya-vlugtelinge werk.
- W 22 KAMEROON Bid vir volharding van die kerk in gebiede waar Boko Haram aktief bly.
- D 23 SAOEDI-ARABIË Bid vir die beskerming en groei van die paar inheemse Christene in die land.
- V 24 COMORE Bid vir nuwe Gelowiges wat vervolgd en verban word wanneer hulle tot geloof keer.
- S 25 NOORD-KOREA** Bid vir Noord-Koreaanse oorlopers wat as sendelinge opgelei word.
- S 26 ASERBEIDJAN** Bid dat alle Gelowiges getroue dissipels van Jesus Christus sal wees.
- M 27 ERITREA Bid vir 'n SVM-ondersteunde radiobediening wat na Eritrese uitreik.
- D 28 BROENI Bid dat geheime Gelowiges met wysheid teenoor hulle vriende en familie vir Christus sal getuig.
- W 29 INDIË Bid dat Gelowiges in Indië toegang tot Bybels sal hê en in geloof sal groei.
- D 30 COLOMBIË Bid vir pastors in "rooi sones" wat deur rebellegroepe teruggevat is.
- V 31 BAHREIN Bid vir die bemoediging en krag van vroue wat in die geheim aanbid.

JANUARIE 2022

- S 1 SRI LANKA** Bid dat meer Sri Lankaanse Frontlinie-Werkers sal kies om in Moslemgebiede te werk.
- S 2 BANGLADESJ** Bid vir 14 Bengalese Gelowiges wat die Evangelie in die noordelike distrikte deel.
- M 3 VIËTNAM Bid dat nuwe Gelowiges standvastig sal bly terwyl hulle familieverwerping, uitsettings en slanery, trotseer.
- D 4 IRAK Bid vir die groei van huiskerke en vir Bybelverspreiding in Koerdistan.
- W 5 AFGANISTAN Bid vir die vrede, beskerming en voorsiening van Gelowiges en hulle families.
- D 6 COMORE Bid dat Málagaanse Gelowiges na Comorane sal uitreik.
- V 7 SOMALIË Bid dat kinders van Somaliese Christene sterk sal groei en met wysheid in geloof.
- S 8 MALEISIË** Bid vir Christenwerkers wat na die land probeer terugkeer.
- S 9 MALI** Bid dat nuwe Gelowiges ontwortel sal word en in hulle Christelike geloof gevestig sal word.
- M 10 BHOETAN Bid dat daar aan diegene wat na kollegestudente uitreik, genade en guns bewys sal word.
- D 11 IRAN Bid dat Hoofleier Ali Hoseini-Khamenei Christus sal leer ken.
- W 12 KOEWAIT Bid dat diegene wat na hulle bekering gedwing word om die land te verlaat, in geloof sal groei.
- D 13 TADJIKISTAN Bid vir President Emomali Rahmon en die regering.
- V 14 JORDANIË Bid vir twee vlugteling wat erg deur familie geslaan is weens hulle geloof.
- S 15 LIBANON** Bid vir Bachir wat deur diegene vir wie hy preek, vervolgd word.

Teken in op ons GRATIS maandelikse Nuusbrief: Besoek www.persecutionsa.org

VIR DONASIES OF BYDRAES - Christelike Sending Internasionaal Bankbesonderhede:

Nedbank

Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)

Takkode: 192505 (Bedfordview)

Standard Bank

Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)

Takkode: 018305 (Bedford Gardens)

ABSA Bank

Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)

Takkode: 632005 (Bedford Centre)

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Kantoor Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Kantoor Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)
E-pos: cmi@vomsa.org | Webtuiste: www.persecutionsa.org | Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Uitvoerende Direkteur: Mnr Ashley Illman

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.

www.persecutionsa.org/donate